



Departement Linguistiek

Toelating van voornemende nagraadse studente

Vereistes vir 'n Magister Artium (MA)

Soos deur die Fakulteit Geesteswetenskappe bepaal word, moet studente:

1. 'n verskeidenheid gespesialiseerde vaardighede gebruik om komplekse probleme en kwessies te identifiseer, ontleed en hanteer deur sistematies en kreatief van die teorieë, navorsingsmetodologieë, metodes/tegnieke, literatuur en materiaal van hul dissipline/spesialisasiegebied gebruik te maak;
2. onafhanklik werk en verantwoordelikheid vir hul eie werk aanvaar en toerekenbaar wees vir die werk van ander wanneer in 'n span gewerk word;
3. leer en akademiese professionele ontwikkeling bestuur;
4. gevorderde inligtingsherwinning en verwerkingsvaardighede demonstreer om kwantitatiewe en/of kwalitatiewe data te identifiseer, ontleed, sintetiseer en onafhanklik evalueer deur toepaslike inligtingskommunikasietegnologie (IKT) te gebruik;
5. 'n omvattende, sistematiese en geïntegreerde spesialiskennis van die dissipline/gebied demonstreer met 'n koherente en kritiese begrip van die teorieë, navorsingsmetodologieë, epistemologieë en metodes/tegnieke tersaaklik vir hul dissipline/spesialisasiegebied;
6. hul eie en ander se akademiese werk en inisiatiewe volgens 'n verskeidenheid kriteria evalueer;
7. die resultate van navorsing aanbied en kommunikeer deur geskikte akademiese/professionele diskoers en 'n verhandeling of navorsingsverslag skryf wat aan die standaard van vakkundige/professionele skryfwerk/aanbieding voldoen;
8. huidige navorsing resenseer en evalueer en aan vakkundige debatte deelneem wat aandag aan teorie en die praktyk gee op die spesialisasiegebiede van geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe;
9. 'n bedrewenheid in die toepassing van navorsingsmetodologieë, metodes/tegnieke en tegnologieë van toepassing op die spesialisasiegebiede van geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe ontwikkel;
10. navorsing, ondersoek of ontwikkeling op die spesialisasiegebiede van geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe onder 'n mate van toesig beplan, uitvoer en skryf.

Vereistes vir Doctor Litteratum et Philosophiae (DLitt et Phil)

Soos deur die Fakulteit Geesteswetenskappe bepaal is, moet studente:

1. kennis, teorie en navorsingsmetodologieë en navorsingsmetodes/-tegnieke kreatief op komplekse praktiese, teoretiese en epistemologiese probleme toepas;

2. substansiële, onafhanklike, indringende en publiseerbare werk produseer, wat nuut en/of innoverend deur eweknieë beoordeel word en 'n aansienlike bydrae tot die spesialisasiegebied lewer;
3. onafhanklike werk en volle verantwoordelikheid vir hul eie werk en die gevolge daarvan aanvaar en ook aansienlike toerekenbaarheid vir die werk van ander aanvaar;
4. intellektuele onafhanklikheid, navorsingsleierskap en bestuur en gevorderde navorsing en navorsingsontwikkeling op die spesialisasiegebied van die geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe demonstreer;
5. gevorderde inligtingherwinning en verwerkingsvaardighede demonstreer met behulp van toepaslike inligtingskommunikasietegnologie (IKT);
6. 'n omvattende, sistematiese en geïntegreerde begrip demonstreer van die tersaaklike spesialiskennis en -deskundigheid op die voorpunt van die professionele spesialisasiegebied in die geesteswetenskappe en sosiale wetenskappe;
7. 'n kritiese begrip van die mees gevorderde navorsingsmetodologieë, metodes/tegnieke in die dissipline/op die spesialisasiegebied demonstreer en aan vakkundige debatte op die voorpunt daarvan deelneem;
8. hul eie en ander se werk volgens onafhanklike kriteria evalueer.

Departementele voorwaardes

Wanneer aansoeke vir toelating tot MA- en DLitt et Phil studies in Toegepaste Linguistiek oorweeg word, sal die departementele nagraadse komitee onder andere 'n aansoeker se potensiaal om aan bogenoemde vereistes te voldoen, oorweeg. Studente moet ook aan die volgende voorwaardes voldoen wat deur die Departement Linguistiek bepaal is:

1. Kandidate vir die magisterprogram moet 'n honneursgraad in Linguistiek of Toegepaste Linguistiek of in 'n verwante veld, soos taalstudies, voltooi het en 'n totale punt van minstens 65% behaal het.
2. Indien 'n kandidaat oor 'n vierjaargraad sonder enige van bogenoemde vakke as 'n hoofvak (op derdejaars- of honneursvlak) beskik, maar wat 'n verwante dissipline (bv. Kommunikasiestudies of Antropologiese Taalkunde) as 'n hoofvak insluit en 'n punt van 65% of hoër in die hoofvak behaal het, sal sy/haar aansoek vir toelating tot die magisterprogram deur die Departement Linguistiek oorweeg word net indien die Fakulteitskomitee vir die Erkenning van Vorige Leer (EVL) so aanbeveel. Afhangende van die verwante dissipline en die tersiêre instelling wat die graad toegeken het, behou die Departement Linguistiek die reg voor om te versoek dat die aansoeker die kwalifikasie deur SAKO moet laat evalueer.
3. Alle kandidate met buitelandse kwalifikasies (wat die voorgeskrewe dissiplines wat hierbo genoem is, bevat en aan die 65% of gelykwaardige vereiste voldoen), moet eers 'n SAKO-evaluasie van hul grade bekom voordat 'n aansoek vir toelating tot 'n MA in Toegepaste Linguistiek aan UJ ingedien word.
4. In uitsonderlike verdienstelike gevalle waar 'n aansoeker oor 'n honneursgraad buiten bogenoemde dissiplines beskik, maar Linguistiek as 'n hoofvak in die eerste graad geneem het en minstens 70% in Linguistiek in die derde jaar behaal het, kan toelating tot 'n MA in Toegepaste

Linguistiek oorweeg word. In sulke gevalle moet die Departement die aansoek na die Fakulteit se EVL-komitee vir leiding verwys.

5. Doktorale kandidate moet oor 'n magistergraad op enige van die gebiede wat hierbo genoem is beskik, met minstens 'n punt van 65%. Ten opsigte van 'n gedoseerde MA, moes die skripsie uit minstens 50% van die finale punt bestaan het en die punt vir die skripsie moet minstens 65% wees.
6. Die Departement kan enige kandidaat vir die magister- of doktorale program versoek om afskrifte van vorige skriftelike werk wat vir graaddoeleindes geassesseer is, in te dien. Ten opsigte van voornemende MA-studente kan honneursopstelle vir oorweging vereis word; doktorale kandidate sal gewoonlik hul MA-verhandelings/-skripsies voorlê. Die Departement Linguistiek moet tevrede met die akademiese standaard van 'n kandidaat se vroeëre akademiese werk en sy/haar taalvaardigheid in Engels of Afrikaans wees.
7. Alle kandidate vir toelating tot die magister- of doktorale program in Toegepaste Linguistiek moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud met die departementele nagraadse komitee.
8. Die Departement sal 'n aansoeker toelaat om vir die magister- of doktorale program in Toegepaste Linguistiek in te skryf net indien 'n geskikte studieleier/promotor, d.i. 'n personeellid met bewese kundigheid oor die student se voorgestelde navorsingsgebied, beskikbaar is.

Aansoekprosedure

1. Die eerste stap in die proses vereis dat 'n omvattende CV en volledige akademiese rekord van die aansoeker by die departementshoof of die sekretaresse van die Departement Linguistiek ingedien word. Aansoeke moet via UJ se sentrale elektroniese aansoekfasiliteit of skriftelik ingedien word. Waar 'n aansoek nie van die voornemende student se akademiese rekord (en, waar van toepassing, 'n SAKO-evaluasie daarvan) vergesel word nie, sal hy/sy deur die Departement gekontak word om die dokumente te verskaf voordat die aansoek oorweeg kan word.
2. Die tweede stap behels 'n aanvanklike sifting van kandidate op grond van hul akademiese rekords. Diegene wat aan die akademiese vereistes wat hierbo gelys is, voldoen, kan met die derde stap voortgaan.
3. Die aansoekers wat goedgekeur is, sal uitgenooi word om binne die daaropvolgende twee weke 'n onderhoud by te woon met lede van die Departement Linguistiek se nagraadse komitee. Daar kan van kandidate verwag word om afskrifte van hul vorige skriftelike werk na die onderhoud te bring, en 'n opsomming (1-2 bladsye) van hul voorgestelde navorsingsprojek (volgens die breë temas *wat* hulle beoog om na te vors, is die *hoekom* en *hoe* verpligtend). Indien die nagraadse komitee tevrede is dat 'n aansoeker aan al die tersaaklike kriteria vir toelating tot 'n MA voldoen, sal die komitee 'n moontlike studieleier (of 'n studieleier en medestudieleier) vir die kandidaat identifiseer. Afgesien van 'n studieleier se kundigheid sal die nagraadse komitee hulle deur enige voorkeure wat 'n aansoeker moontlik oor 'n studieleier geopper het, laat lei. Die komitee sal ook let op die noodsaaklikheid om die las van studieleiding te versprei ten einde oorklading van kollegas met MA-studieleiding te voorkom. 'n Kandidaat kan slegs toegelaat word indien 'n geskikte studieleier beskikbaar is. Voordat 'n voornemende studieleier die taak finaal aanvaar, het hy/sy die reg om op sy/haar eie 'n onderhoud met die betrokke kandidaat te voer (of die studieleier 'n lid van die nagraadse komitee is of nie).

4. Die vierde stap wat deur die nagraadse komitee gedoen moet word, is om suksesvolle kandidate in te lig dat hulle voorwaardelik deur die Departement aanvaar is. Hierdie fase moet binne drie weke na 'n kandidaat se aanvanklike aansoek om toelating (universiteitsvakansiedae en die hele Desember uitgesluit) bereik word. Kandidate se finale aanvaarding, hulle moet ingelig word, sal afhang van hul indiening van 'n geskikte navorsingsvoorstel (deur die voorgeskrewe Fakulteitstemplaat te gebruik) wat eers deur hul studieleier en daarna deur die Departement se nagraadse komitee goedgekeur is.
5. Op laasgenoemde vergadering, wat die vyfde fase van die toelatingsproses verteenwoordig, moet die studieleier/promotor (persoonlik) die kandidaat se navorsingsvoorstel voorlê. Magister- en doktrale studente kry 'n maksimum van vier maande om hierdie laaste fase af te handel, tensy die departementele komitee anders besluit. Kandidate wat versuim (met hul studieleier/promotor se goedkeuring) om 'n navorsingsvoorstel binne die voorgeskrewe tydperk in te dien, sal nie finale toelating kry nie.
6. 'n Student kan net met formele registrasie by die Universiteit voortgaan nadat die Departement se nagraadse komitee sy/haar formele navorsingsvoorstel goedgekeur het. Die nagraadse komitee behou egter die reg voor om 'n magister- of doktrale student toe te laat om te registreer voordat 'n volledige voorstel gegrond op vorige prestasie ingedien is, veral wanneer die betrokke student 'n beurs het waarvan die hernuwing afhang van herregistrasie, of gegewe vorige prestasie, die kandidaat hoogs waarskynlik 'n beurs sal ontvang en aan Fakulteits- of Universiteitskeerderdatums moet voldoen.
7. Die departementele nagraadse komitee sal gereed wees om probleme rakende magister- en doktrale studente te hanteer wat deur die studieleier, die departementshoof of deur 'n gesamentlike besluit op 'n departementele vergadering verwys is.

Vergaderings van die Fakulteit se Hoërgradekomitee – 2015

Voorlopige keerderdatum vir indiening	Datum van HGK-vergaderings
12 Februarie	2 Februarie
14 Mei	4 Mei
23 Julie	13 Julie
15 Oktober	5 Oktober